

## INLEIDEND

Dit was 'n heerlike gesellige oggend op Joostenberg, waar GGSA met groot gasvryheid deur Phillip Myburgh en sy familie ontvang is. Joostenberg is die plaas waar GGSA gestig was en dit was dan ook 'n voorreg dat die genootskap weer daar sal by mekaar kom 50 jaar later.

### Program vir die oggend

Openingsrede – Petro Coreejes-Brink  
 Gasspreker – Phillip Myburgh  
 Gebed – Koos Myburgh  
 Onthulling van gedenksteen  
 Vingerete

## OPENINGSREDE *gelewer deur Petro Coreejes-Brink, GGSA President.*

Reeds voor 1964 het 'n groep geesgenote besluit dit is nodig dat genealogiese navorsing in Suid-Afrika, wat op daardie stadium deur verskeie wel bekende navorsers beskryf is, 'n navorsingsveld of beter gestel 'n belangstellingsrigting is, wat baie belangstelling uitlok. Ons kyk vandag terug na 50 jaar van 'n genootskap wat gestig is, om mense te ondersteun om hul navorsing deeglik te kan doen. Vir 'n vereniging om steeds van belang te wees na 50 jaar, moet daar 'n belangrike resep van oorlewing wees. Daardie resep is mynsinsiens "ondersteuning" en dit is in die mens opgevat wat betrokke wil raak by navorsing oor die self, of self net betrokke wil wees by 'n gemeenskap van kennis.

In die GGSA is almal oor al die jare steeds welkom, of jy nou 'n kenner is of selfs net begin met jou familie navorsing. Ons weet almal hoe moeilik dit was om daardie eerste antwoorde op "wie was my stamvader en of stammoeder" en dan selfs nog moeilike "waar kom ek vandaan" te ontdek. Al is so baie reeds nagevors en beskikbaar, is dit steeds 'n groot lekker om oorspronklike dokumente in die hand te neem en self te poog om dinge te ontsyfer. Op hierdie pad van die self ontdek kan die GGSA se lede jou geweldig baie help. Die GGSA is 'n lede-organisasie en dit is en was nog altyd een van die stek bousteune van die GGSA. In die "gemeenskap" van vriende waarvan daar reeds meer as 1000 lede en belangstellendes is, is daar altyd iemand wat meer weet en wat kennis wil deel. Na 50 jaar is die GGSA 13 takke sterk. In elk van hierdie takke word belangstellendes gehelp en blootgestel, aan nie net familie navorsing nie, maar ook aspekte soos die sosiale geskiedenis en baie interessante onderwerpe wat lede op die pad van ontdekking kan help. Die saam kuier elke maand is 'n leerskool wat ek glo iets is wat ons steeds in die toekoms sal sien.

Ons word vandag bestook met 'n e-wêreld se impak op alles wat ons doen en dink. Selfs die e-ruimte, het die GGSA se e-tak (eGGSA) so ontwikkel dat dit aan die behoeftes van lede voldoen wat dalk via hierdie media met ander wil kontak hou. In die toekoms sal dalk alles lede van die GGSA belangstel om betrokke te wees by laasgenoemde. Tog lyk dit asof mense vandag nog persoonlik kontak met ander wil he. Ek hoop dat ons as lede van die GGSA oor 50 jaar van nou, steeds die voordeel van die mense wat deel vorm van ons navorsing en deel vorm van ons genootskap, sal beleef en dit altyd sal koester.

## JOOSTENBERG

Phillip Myburgh het ons 'n kort geskiedkundige oorsig gegee van die plaas Joostenberg. Phillip is dan ook die seun van die stigterslid Phillip en Marjorie Myburgh en eienaar van die plaas.

Die eerste eienaars van die plaas was niemand anders as die gedugte Tryn Ras (ook bekend as Catharina Ustings)

en haar 5de man Matthias Michiels van Duitsland nie. Die plaas in 1694 aan hulle toegeken en behoort sedert 1877 aan die Myburghs.



Phillipus Albertus Myburgh en sy vrou, eerste Myburghs op die plaas

Die behoud van die geskiedenis en familiegeskiedenis is 'n passie vir die Myburghs. Die herehuis gebou in 1756 is 'n nasionale monument en die oudste bestaande Kaaps-Hollandse herehuis in die land.

Met groot dank aan Freek Myburg,  
voorsitter van die  
Myburgh Familiebond  
en hul raadslede wat

die GGSA gedenksteen ontwerp en oprigting van die monument; sodat ons dié vandag kon onthul.



## FOTO VERSLAG

Die enigste beskikbare foto van die stigterslede was geneem in 1974 met die herdenking van die 10de verjaarsdag.



GGSA Stigterslede.

Agter: André Hugo, J.A. Heese, Charles Hopkins, Marge Myburgh, Louis Hiemstra en Philip Myburgh.  
Sittende: Anna Böeseken, Johannes van der Bijl, Frieda Pama, Con de Villiers en Cor Pama.



Met dieselfde deur in die agter grond het as in die foto 40 jaar gelede, staan Hans Heese en Philip Myburgh, afstammelinge van die stigterslede, saam met Petro Coreejes-Brink.



Die onthulling van die gedenksteen is met groot belangstelling gevolg.



'n Glasie sjampanje is op die geleentheid geklink.

VLNR: Petro Coreejes-Brink, Hans Heese, Koos Myburgh en Phillip Myburgh



*Familia redakteur, Johan Pottas, het al die pad van Bloemfontein afgekom om die geleentheid by te woon; saam met Petro Coreejes-Brink en Prof Christo Viljoen.*

*Ed: Ons verstaan daar is 'n hele storie agter Johan se uitrusting ... en ons sien uit daarna om meer daarvan te hoor!*



Oud-NUK lede

Vlnr: Isabel Groesbeek, Marilyn Coetzee en Elmien Wood.



Groep foto



Met 'n gesellige vuurtjie in die agtergrond, het die teenwoordiges net te lekker gekuier.  
VLNR: David Slingsby, Phillip Myburgh, Charlotte Henning, David Mithcell en Gert Myburgh



Johan Myburgh, Christo Viljoen, Tyrrel Myburgh, Nicol Geldenhuys, Johan Krige, Ode Krige en Amy Myburgh.



Marlene en Zelda het bont gestaan met die bediening van al die gaste.



Tyrrel Myburgh – wynmaker op Joostenberg, het ons met Joostenberg wyne getrakteer

	
Ons fotograaf – André van Wyk	Marguerite Lombard (Drakenstein Heemkring)
	
Dave Slingsby (Cape Town Family History Society)	Kammie Kammadien (Cape Family Research Forum)

		
Hobbie Stoffberg – GGSA Begrafnisbriefie en Kerkfoto projekleier	Martie du Toit – GGSA Kieserlys transkripsie Projek ko-ordineerde	
		
Mariana Olivier	Simone Kay	David de Klerk

Die Myburgh verteenwoordigers



Philip Myburgh en Marge Myburgh, kinders van stigterslid Philip en Marjorie Myburgh

Gillian Myburgh, Philip se vrou



Gert en Johan Myburgh. Twee broers – en afstammelinge van die Johannes Lodewikus tak van Burgersdorp. Saam met hulle Gert se vrou Sharon en dogter Amy.



WT Myburgh van die Moorreesburg Myburghs

Koos en Ralda Myburgh van Eenzaamheid.



'n Video opname van die geleentheid was gedoen deur Paul le Roux.

In die agtergrond: Francois Verster, Elmien Wood, Hans Heese, Isabel Groesbeeck, David de Klerk, Nicol Geldenhuys en Ralda Myburgh.